21 Emosies

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Angstigheid

## Psalm 46

*Angs is bangheid. Maar dis 'n bang sonder 'n werklike oorsaak. Dis 'n vrees vir die onbekende, vir iets wat jy dink gaan gebeur, maar jy weet nie wat en wanneer nie.*

*Onthou in so 'n angstoestand: Niks kan gebeur waarvan God nie weet nie.*

*Dawid moes leer om net in die Here te wees. Dit is genoeg. Jy het niks van buite nodig om jou te bevestig nie. Jy is genoeg- omdat jy bestaan en God jou liefhet. (Bybel24/7)*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou ewe in?*

*Wat kan julle as gesig uit hierdie storie neem?*

*Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?*

*Waarom beleef jy daardie emosies?*

**Notas**

21 Emosies

# Angstigheid

In moeilike tye herinner Psalm 46 ons daaraan om aan te hou om na God te kyk.

Dink aan watter krisisse in jou lewe jou al nader aan God gebring het?

Wees bereid om oor u ervarings in 'n krisis te deel. Wees eg ("real") met die mense saam met jou.

Deel jou rou emosies.

Wat spreek hierdie teks aan oor angstigheid by jou?

God is 'n ewige hulp.